PRE - PRIMARY PRE - PRIMÊR
WELGEMOED
KOMMISSARISSTRAAT 64 • 64 KOMMISSARIS STREET WELGEMOED 7530 • T 021 913 2400 • admin@welgemoedpp.co.za

**(Uittreksel uit Welgemoed Preprimêre Skool se Beleid)**

**DISSIPLINÊRE BELEID:**

Welgemoed Preprimêre Skool streef daarna om gebalanseerde kinders vir die toekoms te lewer wat rotsvas en koersvas 'n bydrae kan lewer tot die sukses en welvaart van die gemeenskap in die breë. Om die doel te bereik is dit noodsaaklik om vir elke leerling 'n veilige, gelukkige en geborge ruimte te skep waarbinne hy maksimaal kan ontwikkel volgens sy talente. Die leerders, opvoeders en ouers aanvaar as gelyke vennote die verantwoordelikheid om hierdie taak met toewyding te volvoer.

***Doel van dissipline-beleid - Die skool streef die volgende ideale na ten opsigte van dissipline:***

- Die bevordering van 'n positiewe leerling.
- Die aanleer van dissipline.
- Die aanmoediging van konstruktiewe samewerking.
- Die skep van 'n veilige omgewing waarbinne opvoeding en onderrig kan gedy.
- Die voorkoming van wangedrag.

**Verwagtinge aan leerders - Van leerders word daar verwag om die volgende aspekte na te kom:**

- Gedrag moet beleefd, vriendelik en respekvol wees teenoor personeel, leerders en buitestaanders.
- Die eiendom van die skool, maats of enige ander persoon of instansie te respekteer en te eerbiedig.
- Die skoolterrein en gebou (toilette, klaskamers, ens.) netjies hou.
- Om die skool se goeie naam op geen wyse, hetsy deur woord of daad tot oneer te strek nie.
- Om die skoolreëls soos uiteengesit in die dissipline beleid te eerbiedig en nougeset na te volg.

***Reëls en Regulasies - Die volgende gedrag is onaanvaarbaar:***

**Gedrag in klaskamers**

- Slaan, skop, spoeg, of byt aan 'n mede-leerder, of opvoeder.
- Geen "Tantrums" (woede-aanval).
- Beskadiging van klaseiendom, bv. Skop van skuifdeure, tafeldoeke opskeur, skop van deur, lessenaar, ens.
- Onnodige lawaaiery en gil en skreeu.

- Swak samewerking tydens klasroetine, bv. Wil nie op mat sit as ander leerders op mat sit nie, of wil nie inkom as ander inkom nie.
- Enige opsetlike vorm van klasontwrigting.
- Klasreëls soos opgestel deur klasopvoeders oortree.

**Geboue, terrein en skooleiendom**

- Beskadiging van plante, meubels, boeke of enige ander skooltoerusting.
- Op stoepe hardloop.
- Speel of mors in toilette (nat toiletpapier gooi).
- Vuil mors van geboue en terrein.

**Gedrag van leerders**

- Spoeg, growwe taal, opsetlike leuens vertel of oneerlikheid.
- Ander leerders afknou, boelie of leed aandoen hetsy fisies of geestelik.
- Steel of peuter met ander persone se eiendom.
- Oneerlikheid, afkeurenswaardige gedrag en beledigende opmerkings wat teen opvoeders of ander werkers van die skool of teen leerders gerig word.
- Luister nie na opvoeders nie. Tree disrespekvol op. Terugpraat (back chat).
- Enige gedrag wat ander persone se veiligheid in gevaar stel.

**Hantering van onaanvaarbare gedrag:**

1. Hanteer dit in die klas/Sit op die “dinkstoeljies”
2. Word kantoor toe, of na ‘n ander klas toe gestuur vir “time-out”
3. Ouers word gekontak om gedrag te bespreek tydens ‘n vergadering
4. Terapie en of sensoriese terapie word voorgestel
5. Die Beheerliggaam tree op. (**TEEN LEERDERS WAT BOGENOEMDE REËLS OPSETLIK EN HERHAALDELIK OORTREE SAL DAAR OPGETREE WORD. DIE BEHEERLIGGAAM VAN DIE SKOOL SAL DIT VERDER VOER EN MET OUERS IN KONTAK KOM.)**